# Wat sê God oor homoseksualiteit?

Joh 7:7 Die wêreld haat My omdat ek openlik verklaar dat sy dade sleg is.

*We sometimes become so sensitive about not offending men, we become indifferent to offending God.*

**Ou Testament** ('33 Vertaling tensy anders aangedui)

**Levitikus 18:22** Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel [Jy mag nie 'n homoseksuele verhouding hê nie. Dit is 'n afstootlike sonde '83] (**20:13**) En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle. [Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood '83]

**Jesaja 45:9-13** Durf die klei vir die een wat dit vorm sê: "**Wat maak jy?**" Durf wat jy gemaak het, van jou sê: Hy kan nie sy hande gebruik nie!" (**11**) So sê die Here, die Heilige van Israel, die Skepper van Israel..Durf julle aan My voorskryf oor My kinders en oor die werk van my hande. Ek het die aarde gemaak: die mensdom wat daarop is het Ek geskep.

**Nuwe Testament** ('33 Vertaling tensy anders aangedui)

**Matt 3:8** Dra dan vrugte wat by die bekering pas. (**22:29**) Julle dwaal omdat julle die Skrifte nie ken nie.

**Mark 10:6-9** Maar van die begin van die skepping af het God hulle **man en vrou** gemaak. Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word, sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees. Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.

**Hand 5:29** Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.

**Rom 1:18-20** Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, omdat **wat van God geken** kan word, in hulle openbaar is, want **God het dit aan hulle geopenbaar**. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wereld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle **geen verontskuldiging** het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie,; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword .. (**24-32**) Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te **onteer** – hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen. Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle **vroue** het die natuurlike verkeer verander in dié wat **teen die natuur** is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle **wellus teenoor mekaar** ontbrand: manne het met manne **skandelikheid** bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: Hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, groot- praters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat – al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien – dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle **goedkeuring skenk** aan die wat dit doen.

**1Kor 2:16** Want wie het die sin [gedagtes] van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin [gedagtes] van Christus. (**6:9-10**) Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen **hoereerders** of afgodedienaars of egbrekers of **wellustelinge** of **sodomiete** of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. (**13-20**) En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here; en die Here vir die liggaam. Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? Sal ek dan die lede van Christus neem en dit lede van 'n hoer maak? Nee, stellig nie! Of weet julle nie dat hy wat 'n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, se Hy, sal een vlees wees. Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom. Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam, maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle nie dat julle liggaam 'n **tempel** is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is **duur gekoop**. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort. (**10:12,13**) Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle **bo julle kragte** versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra. (**22**) Of wil ons die ywer van die Here opwek? Is ons miskien sterker as Hy?

**II Kor 10:3-5** Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus.

**Galasiers 5:16-20** Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie. En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid....dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van nie sal beërwe nie. (**25-26**) As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie. (**6:7**) Moenie dwaal nie; **God laat Hom nie bespot nie**; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.

**Efesiers 4:20-25** maar julle het Christus nie so leer ken nie, as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus: dat julle wat die vorige lewenswandel betref die ou mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid. Daarom, lê die leuen af en **spreek die waarheid**, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede. (**5:8-12**) Want vroeër was julle in die duisternis, maar nou is julle lig in die Here - wandel soos kinders van die lig. Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid. En beproef wat die Here welbehaaglik is; en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer.

**Kollossense 2:8** Pasop dat niemand julle van Hom af wevoer deur teorieë en argument wat misleidend is nie.

**1Tess 4:3** ['83] Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid [hoerery].

**1Tim 1:8-10** Ons weet dat die wet goed is as 'n mens dit op die regte manier gebruik. 'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie..mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is.. ontugtiges (hoereerders) mense wat homoseksualiteit beoefen (sodomiete '33).. of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is.

**IITim 3:16** Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid..

**Jak 4:17** As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde.

**1 Joh 2:4** Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.

**Open 3:19-20** Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en beker jou. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saammet om maaltyd hou, en hy met My

**1 Joh 1:9** IAs ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. **John 8:11** **Gaan heen en sondig nie meer nie**